

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Om van die duiwel kennis te neem...

Die duiwel is al weer in die nuus. Die keer omdat hy nie bestaan nie. Altans so beweer die paar unieke professore en predikante. Die argument oor die nie-bestaan van die duiwel is eintlik eenvoudig. Daar word beweer dat die duiwel, soos hy in die Woord beskryf word, niks meer as 'n bangmaak-gedagte is nie. Daar is selfs een professor (Craffert) wat beweer dat sekere verskynsels, soos die duiwel, gegewe is met ons bepaalde liggame en sentrale senuweestelsels. Die spesifieke interpretasie dat dit demone is, is kultuur- en konteks bepaald. Al die verkeerdhede in die wêreld is dus nie die duiwel se skuld nie. Hy mag nie die Judasbok wees om te blameer nie. Die booshede in die wêreld is die mens se eie. Om dit te verwyder is ook die mens se eie verantwoordelikheid. Altans, so word beweer.

Kerklike reaksies

Hoe moet die kerk optree teenoor hierdie bewering dat die duiwel 'n praatjie is? Reaksies kan wissel van gelowige teregwyding, 'n skalkse glimlag van beteweterigheid, 'n beangste toeval of - en dit is die gevaarlike een - slegs 'n nuuskierige kennis neem. Ons het deesdae die gewoonte om van iets kennis te

neem sonder om 'n besluit daarvoor te neem. Wie het vir ons gesê die Satan bestaan? Van wie neem ons kennis aan? Onself? God? Die bestaan van die duiwel is gekoppel aan die bestaan van God. Die erkenning van die realiteit van God se openbaring is hier op die spel.

In die goddelike waarskuwing oor die moontlikheid van die ewige dood in Genesis 2 is die bestaan van die duiwel al op die agtergrond. Eers later, as berig word oor die oorlog in die hemel (Openbaring 12:7-8; Lukas 10:18) word dit duidelik dat die sondeval eers in die hemel by die duiwel begin het en dat die sataniese vonk van opstand na die aarde oorgespring het (Genesis 3). Dit gaan hier nie soseer oor al die inligting waarvan kennis gedra moet word nie, maar oor die blote feit dat God - wat inligting oor Homself bekendmaak - die eerste was om kennis van die bestaan van Satan aan ons oor te dra.

Woord eerste

Om die bestaan van die duiwel te ontken, is niks minder as om God as 'n leuenaar uit te kryt nie. Daar loop 'n lyn in die westerse wêreld dat ongeveer twintig jaar na die betwyfeling van die bestaan van die duiwel, die bestaan van God in die

gedagtes van die mens in gedrang kom. Dit is heel logies. God het gesê die duiwel moet bestaan; as engel. Na sy opstand sê God wat daardie engel gedoen het en nog steeds met ons doen. Eers daarna het ons ook op ervaringsvlak daarmee te make gekry. Die Woord kom eerste.

'n Hermeneutiese beginsel is hier op die spel. As jy werk met die eerste hoorder, of dat die leser 'n beduidende rol in die verstaansproses moet speel, dan maak jy die ervaring tot openbaring. Voeg nou 'n skeutjie subjektivisme by (waar iemand alleen kennis neem as hy dit self bewerk het) en jy het die stelling: die duiwel bestaan nie, want ek het nog nooit 'n demoon gesien nie. So iets kan nooit teologie, kennis van en vanaf God, wees nie.

Verbode kennis

Dit het tyd geword dat die kerk teologies vir die duiwel veg. Vir sy bestaan. Nie om enigsins op 'n bewuste vlak iets met sy boosheid te doen te hê nie, maar ter wille van God se eer. God het ons geleer die Satan bestaan. Ons kennis daarvoor kom uit die Heilige Skrif. Daarin verbied God ons ook om sekere kennis by die Satan of by dooies te gaan haal. Nie omdat die duiwel 'n

INHOUD

1 Redaksioneel
**Om van die duiwel
kennis te neem . . .**

2 Skrifoordenking
**Ons Sabbatsrus vind ons
in God se genade**
Dr E Kayayan

4 Op die Kerkerf
**Visitasie:
Enkele beginsels nader belig**
Ds LSD du Plessis

6 Aktueel
**Jesufilms in die lig van Calvyn se
verklaring van die tweede gebod**
G Kruger

10 Persskou
• **Grys oor gays**
• **Skrifgetroue belydenis**
Ds GJ Meijer

senuweeagtige denkpatroon is nie, maar juis omdat dit moontlik is. 'n Bose moontlikheid, waarvan ons verlos moet word. As jy nie meer bely dat die Satan bestaan nie, kan jy nie meer die 'onse Vader' bid nie. As jy nie aan die duiwel glo nie, kan jy nie meer in God glo nie. Vir die kerk staan of val Skrifgesag by die erkenning of ontkenning van die bestaan van die duiwel.

Geen onderskeid meer

Die bestaan van die onderskeid tussen waarheid en dwaling kom

daarmee na vore. Die nuwe hermeneutiek kan geen onderkeidings verdra nie, omdat dit eenheid en verskeidenheid nie ken nie. Die post-moderne hermeneutiek kalf alle onderskeidings weg. Van God en Satan, die twee nature van Christus, hemel en hel, mens en demoon ... totdat daar net een groot niks oorbly.

Ons kan nou dink dit is dom van iemand om die bestaan van die duiwel te ontken, maar die gewilde, gewaagde sosio-historiese aanpak in ons kerke probeer om 'n antwoord op die post-moderne uitholling te bied.

Dit bereik egter net die teendeel. Dit maak die huidige kerk ryp vir die god-, satan-, onderskeidlose kerklike wêreld en wêreldlike kerk van die antichris, omdat dit met die primaat van die Woord in die hermeneutiek peuter. Moenie maar net van God se onderskeiding kennis neem nie. Ook nie sinodaal nie. Neem kennis van Hom aan - in sy Woord, sy Seun wat primaat oor alles het - ook hermeneuties. God gee kennis. Dan sal die satan nuus bly. Maar die kerk sal nie nuuskierig oor hom word nie.

ALAB

SKRIFOORDENKING

Ds E Kayayan, Rietvallei

Ons Sabbatsrus vind ons in God se genade

Lees: Hebreërs 3:7-4:11

Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne.

Die woord *shalom* beteken in Hebreeus 'vrede'. Dit dui nie 'n tipe vrede aan wat bloot na 'n skietstilstand verwys nie. Inteendeel, die woord *shalom* verwys na die hoogste vorm van vrede met God: 'n vrede wat deur versoening met God gekenmerk is. Jesus het aan sy dissipels gesê: 'Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie' (Johannes 14:27). So 'n vrede bring rus - rus om te weet dat die God van genade, te midde van enige woelings, altyd in beheer van ons lewe bly. Rus om met die sekerheid en geloof te kan lewe dat God ons vergewe het.

Dit is presies waar die betekenis van die Sabbat ook inkom. Die Sabbat is bowenal die uitdrukking van die rus wat ons in God se genade vind. So 'n rus word nie outomaties aan ons geskenk nie, maar is die vrug van 'n groot, alomvattende verlossing.

In die Ou Testament word die Sabbat aan 'n groot verlossingsdaad verbind: die verlossing van Israel uit 'n situasie

van slawerny in Egipte. Kyk maar na die vierde gebod: 'En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het die HERE jou God jou beveel om die sabbatdag te hou' (Deuteronomium 5:15). Die outeur van die Hebreërbrief verwys in ons teksgedeelte na hierdie bevryding uit Egipte (Hebreërs 3:16). Hy wys ook dat sonder geloof in God en sy verlossingsdade vir ons alles tevergeefs is. Vir die christen vind die finale verlossing in Christus op die eerste dag van die week plaas. Jesus verskyn op die eerste dag van sy opstanding aan sy dissipels en sê: 'Vrede vir julle!' *Shalom*, Goddelike vrede vir julle!

Die Sabbat is dus die oorwinning van die verlossingsrus. Daarom moet ons nie 'n fout maak wat baie mense (bewus of onbewus) maak nie. Die Sabbat en alles wat daarmee gepaardgaan - soos ons eredienste - is nie 'n bepaling wat uit die kerk voortvloei asof die kerk vir ons voorskryf om elke eerste dag van die week bymekaar te kom en die Here se Naam te aanbid nie. Die teenoorgestelde is eintlik waar: die kerk is die vrug van die Sabbat. Die kerk is die gemeenskap van God

se verlose volk wat bymekaarkom om sy Naam te verheerlik, omdat daar 'n Sabbat is - 'n rus wat God deur 'n magtige verlossingsdaad vir ons bewerk het. Ons sabbatsrus is uitsluitlik in God se genade te vinde. As hierdie Bybelse begrip ernstig opgeneem word, sal baie kerke (die Gereformeerde Kerke ingesluit) miskien minder aan allerhande vorme van ekklesiosentrisme ly - 'n vorm van afgodery van die kerk wat so min rus aan ons gee: die kerk as 'n organisasie, 'n administrasie en soms 'n burokrasie.

Die opdrag van rus

Die teken van God se verlossingsdaad beteken nie dat daar vir ons geen opdrag in die Sabbat is nie. God beveel dat ons moet rus. Kom ons kyk na dié soort rus.

Calvyn skryf in die Geneefse Kategismus dat die Sabbat aan ons gegee word om geestelike rus aan te dui. Hy voeg by dat God kom om sy werk in ons te verrig wanneer ons van ons eie werke rus. Ons word ontvanklik vir so 'n werk deur ons eie vlees te kruisig, dit wil sê deur ons eie self te verloën, sodat ons deur God se Gees gelei kan word. Een dag per week is nie genoeg om hierdie verloëning te bewerk nie.

Dit moet 'n permanente gesindheid wees wat jou hele lewe lank duur. God het die sewende dag gekies - in die Skrif is dié syfer 'n simbool van perfeksie. Ons geestelike rus, wat ons in hierdie lewe begin, sal sy perfeksie bereik op die dag wanneer ons hierdie wêreld sal verlaat. In die Heidelbergse Kategismus vind ons 'n gelyke invalshoek: 'Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bouse werke rus en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe' (Sondag 38).

Daar moet hard gewerk word om te rus. Dit is nie 'n teenstrydigheid nie, maar wys dat die betrokke rus niks in gemeen het met vakansies soos die samelewing en ons huidige kultuur dit aan ons voorstel nie. Die ware sabbatsrus is nie 'n tyd waarin jy van jou werk en ander probleme probeer vergeet of selfs ontsnap nie. Dit is nie 'n tyd van ledigheid nie. Dit is ook nie in die eerste plek 'n tyd vir alternatiewe of rekreatiewe aktiwiteite nie. 'n Mens neem nooit vakansie van God nie! Die opdrag is dus: laat God sy werk deur sy Heilige Gees in jou verrig. Hy kan en sal dit doen omdat hy die groot verlossingsdaad alreeds gedoen het!

Die beste manier om die rus van die Sabbat in die Ou Testament te verstaan is om te gaan kyk na die bepalinge rondom die Sabbatsjaar en die hersteljaar in Levitikus 25: slawe is bevry, die land word nie geploeg nie; dit rus en herstel van die vloek wat God tydens die sondeval op hom uitgespreek het; daar is rus en verlossing nie net vir mense nie, maar ook vir die diere en die aarde.

Die ewige Sabbat

Die gedeelte uit Hebreërs 4 handel oor die ewige Sabbat, 'n rus wat bedoel is om vir ewig te duur. Kan 'n mens 'n beter vooruitsig uit God se mond ontvang? Ons wat so dikwels fisies, geestelik en emosioneel uitgeput is, word verseker dat God 'n heerlike rus vir ons het. Wie anders as God kan dit belowe en implementeer? As 'n mens na die verlossingsdade kyk wat van die wêreld afkom, is dit slegs fiksie, blote verbeelding. Die groot skerm, met

goeie akteurs en net soveel spesiale effekte, laat miljoene mense regoor die wêreld droom van 'n verlossing wat rus bring. Dink maar aan Superman: 'n buitengewone man, wat soos enigiemand anders lyk, maar die mag het om bonatuurlike dinge te doen. Hy vlieg in die lug met 'n buitengewone spoed en verrig allerhande dae om arme en onderdrukte mense te bevry van ander bouse mense. Hy bring verlossing - daar op die groot skerm, terwyl ons sit en springmielies eet om van ons probleme te vergeet. In werklikheid was die akteur wat Superman gespeel het, iemand wat as gevolg van 'n perd-ongeluk vir die res van sy dae in 'n rolstoel moes sit. Daar lê die kontras tussen valse verlossingsrus en God se ewige Sabbatsrus. Onthou Jesus se woorde: Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Ons kan berus in die beloofde Sabbatsrus, omdat ons weet dat so 'n rus nie korrup en verganklik is soos wat die wêreld aan ons voorstel nie, maar die rus is van 'n ewige Sabbat.

God se rus en ons rus

Ons ewige Sabbatsrus bind ons op 'n besondere manier aan God - hoofsaaklik omdat ons na sy beeld geskape is. God het die wêreld in ses dae geskape, en op die sewende dag het hy gerus. Ons word ook beveel om op die sewende dag te rus. Daar is 'n ooreenkoms tussen God se rus en ons rus. Terwyl die vierde gebod in die boek Deuteronomium die aksent op die verlossingsdaad van God plaas, stel die parallelle gedeelte in Eksodus 20 die aksent op God se werk in die skepping: 'Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig'. Hierdie woorde vind ons alreeds aan die einde van die skeppingsverhaal (Genesis 2:1-3).

Hieroor vra die Geneefse Kategismus wat bedoel word wanneer die Here ons aanspoor om sy voorbeeld te volg en ons uitnooi om te rus. Nadat God die skepping van die wêreld in ses dae voltooi het, het Hy die sewende

dag gewy om sy werk te aanskou. Om ons aan te spoor om dieselfde te doen, stel Hy aan ons sy voorbeeld. Is dit nie ons diepste begeerte om soos Hy te lyk nie?

By God volg rus die voltooiing van sy werk. Op die aand van die sesde dag, toe alles voltooi is, het God die perfeksie van sy skepping geniet: 'Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en - dit was baie goed'. Ons aanskou ook sy werke; nie net sy werke in die skepping nie, maar ook sy werke van verlossing, wat hy in Christus voltooi het om 'n nuwe skepping tot stand te bring.

Christus se sentrale plek in die Sabbat

In die Ou Testament kon die Sabbat nooit van offers geskei word nie. Die offers was tekens van versoening met God. Die brief aan die Hebreërs lê klem op die finale soendood van die finale priester, Jesus Christus, wat alles perfek voltooi het. Jesus se laaste woorde aan die kruis was: 'Dit is volbring!' Die werk waarvoor sy Vader Hom gestuur het, is heeltemal voltooi. Met Christus se voltooiing van God se werk is 'n heel nuwe dimensie aan die Sabbat gegee. Ons aanskou God se werk nou nie net in sy skepping nie, maar ook in sy herskepping deur Christus. Christus het die sentrale plek in die Sabbat ingeneem. Hy het die groot verlossingsdaad verrig wat aan ons *shalom*, vrede en rus, gee. Hy alleen mag sê: 'Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat' (Markus 2:27,28). Jesus gee inderdaad 'n nuwe dimensie aan ons belewenis en viering van die Sabbat, want hy bring 'n element van voltooiing wat in die Ou Testament nog nie teenwoordig was nie. Daarom sê die outeur van die Hebreërbrief duidelik dat Josua, wat die volk in die beloofde land ingebring het, nie die finale rus vir hulle gegee het nie, sonder om te praat van al die Israeliete wat in die woestyn gesterf het as gevolg van hulle gebrek aan geloof. Christus, Hy alleen, voltooi die werk. Alleen dié wat in Hom ingeënt is, kan in die ewige sabbatsrus ingaan. 'Want ons

het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou' (Hebreërs 3:14).

Volhard in God se rus

Rus in God se genade verg wel inspanning: dit is 'n opdrag wat aan ons gegee is. Dit is die hoofboodskap van ons teksgedeelte: ons moet nie afvallig word nie, sodat ons in God se rus kan ingaan. Die behoud van die Sabbat is egter nie 'n goeie werk, soos die Jode daarvan gemaak het nie. As ons inspanning 'n goeie werk sou wees, sou ons die verlossingsdaad ontken wat deur Christus voltooi is. Dan sou ons ons rus nie meer uitsluitlik in God se genade vind nie. So 'n goeie werk het niks in gemeen met die sabbatsrus van God nie. Ons sou onself aan 'n wêreldse vorm van rus en vrede oorgee wat ons heeltemal sou onderdruk; hetsy 'n Fariseïese vorm van wettisme oor die Sabbat, of 'n wêreldse vorm van ontspanning wat hoegenaamd nie die volharding in die geloof handhaaf nie. Nie een van die twee is die inspanning waaroor ons teks handel nie. Dit gaan hier oor inspanning in die volharding. 'Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy

rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie. Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie'. Die doel van die skrywer is om sy lesers aan te spoor om die ware betekenis van die Sabbat van God in Christus te verstaan. In Christus is daar 'n ewige Sabbatsrus wat aan ons belowe is: 'Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie'. As jy nie volhard om in daardie rus, soos wat dit aan jou belowe is, in te gaan nie, sal jy nie daaraan deel hê nie. Dit is 'n aansporing, maar ook 'n vermaning.

Ten slotte

Die Sabbat is die deur na en beeld van ons ewige woning, wat gemaak is uit rus en vrede. Daarom moet ons vaskleef aan die opdrag wat daarmee gepaardgaan: om te volhard in die geloof in God se beloftes, om nie afvallig te word nie, om berou te

hê oor ons bose werke en daarvan afstand te doen. Te midde van al die onrus rondom ons, en soms ook in ons, kan ons die betekenis van die Sabbatsrus nog dieper peil met die woorde van Romeine 8: 'Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe - nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het - in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam. Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog? Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding'.

OP DIE KERKERF

Ds LSD du Plessis, Delmas

Visitatie: Enkele beginsels nader belig

Visitatie, in een of ander vorm, is vanaf die begin van die Nuwe Testamentiese kerk deel van kerkwees. So het die apostel Petrus, volgens Handeling 9:32, dikwels tussen die gelowiges op verskillende plekke rondgegaan. Ook Paulus het van plek tot plek rondgereis en die gemeentes versterk (Handeling 15:41). Veral die feit dat Paulus die gemeentes oral versterk het, vestig die aandag daarop dat die duiwel rondloop soos 'n brullende leeu om te soek wie hy kan verslind

(1 Petrus 5:8; Openbaring 12:17). Die behoefte aan en belang van besoeke aan gemeentes spreek duidelik hieruit.

Die vraag wat deur die eeue heen tydens kerklike vergaderings gevra is, is vandag nog relevant: Wat behels visitatie presies? Hierdie artikel gaan poog om die begrip visitatie te definieer, belangrike bakens uit die kerkgeskiedenis aan te sny, en uiteindelik sekere beginsels rakende die wese en inhoud van visitatie deur te trek.

Definisie

Die woord 'visitatie' is afgelei van die Latynse woord *visitatio* (selfstandige naamwoord) of *visitare* (werkwoord). Hierdie woorde sou letterlik vertaal kon word met 'om dikwels te sien' of 'om gereeld te besoek / te ondersoek'.

Dr H Bouwman stel die definisie soos volg: 'Kerkvisitatie is het instellen van een onderzoek naar de kerk, naar haar toestand en naar hare leden' (Bouwman H, Gereformeed

Kerkrecht, Tweede Deel, Kok, Kampen, 1934, p 157).

Aan hierdie definisie het die kerke van die Reformasie ook deurentyd probeer vashou, hoewel die woord 'ondersoek' dikwels verkeerd vertolk was. Vir die doeleindes van hierdie artikel, sal ek ook volstaan met hierdie definisie van Bouwman, uit die geskiedenis die verkeerde en gevaarlike vertolking van die woord 'ondersoek' uitwys, en die regte beginsels hieruit deurtrek.

Historiese bakens

Reeds in die tyd van die apostels is gemeentes besoek, soos hierbo genoem. Ander besoeke, byvoorbeeld in Handeling 16:4; 18:23; 1 Korintiërs 4:19; 16:5-8, het benewens bemoediging ook die doel gehad om die kwaad weg te weer, in die geloof op te bou, en so meer.

Die kerke in die eerste paar eeue (later genoem die Rooms-Katolieke Kerk) het hierdie gebruik van die apostels voortgesit. Dit het egter ontaard in 'n soort geestelike regspraak en so sy eintlike bedoeling verloor.

Die eerste visitasie in die tyd van die Reformasie het in Keursaksen plaasgevind (Bouwman, p 159).

In die lande waar die invloed van Luther baie sterk was, is visitasie jaarliks gereël. Die orde hiervan het min of meer soos volg verloop:

- Die leer en wandel van die pastor is ondersoek terwyl hy merendeels buite gestaan het. Indien daar geskille was wat nie dadelik uit die weg geruim kon word nie, is die saak waaroor dit gegaan het 'voor een hoogere vierskaar' gebring (Bouwman, p 161).
- Die inwendige toestand van die gemeente is ondersoek (nagmaal, doop, tug, ensovoorts).
- Die uitwendige toestand is ondersoek (alle geldsake, boeke, registers, aktes, rekeninge en dergelike).
- Hierna is 'n verslag oor die visitasie geskryf, wat deur die predikant en al die kerkraadslede onderteken moes word.

Gedurende 1546 het Calvyn visitasie by al die Geneefse Kerke ingevoer ten einde goeie tug en eenheid in leer in die hele omvang van die Geneefse Kerke te onderhou. Die visitasie moes reëlmatig jaarliks gehou word (Bouwman, p 161). Hierdie visitasie het soos volg verloop:

- Die leer wat verkondig is, is nagegaan.
- Die predikant se manier van preek en omgang met die gemeente is nagegaan.
- Die gemeente se lewenswandel is ondersoek.
- Ook die predikant se lewenswandel is behandel.

Hier is die reël egter baie duidelik gestel dat visitasie geen geregtelike ondersoek of hofsak is nie, maar op voorkoming van probleme moet fokus (Bouwman, p 162).

Belangrik is dat die kerke van die Reformasie van 'n inspeksie en van 'n 'superintendent' (permanente visitator) niks weet nie.

In 1586 word deur die Nasionale Sinode van Den Haag selfs 'n formulier vir visitasie vasgestel, wat in hoofsaak op die leer en lewe van die ampsdraers gefokus het.

Wat die Sinode van Dordrecht betref, is visitasie in die Kerkorde opgeneem as artikel 44. Die Sinode verklaar dat daar in hierdie artikel volstrek geen sprake is van 'een administratief of statistiesh ondersoek, of een ondersoek naar de kerklijke gebouwen, neen, de kerkvisitatie dient allereerst om voor de zuiverheid van de leer te waken, in de tweede plaats om toe te zien dat naar de orde der kerken geleefd wordt, en ten slotte om de kerken met goeden raad te steunen' (Bouwman, p 166).

Hierdeur word die vryheid van die kerke bewaar, en die onderlinge kerkverband bevestig.

Hierdie beginsels is nie oral en deurentyd gehandhaaf nie. In Groningen en Drenthe het die visitasie 'n inspeksie geword. In een geval is selfs die predikant se persoonlike biblioteek gewaardeer! Hierdie situasie het vererger namate die owerheid meer seggenskap in die kerke gekry het.

In die kerke van die Afskeiding is weer na die beginsels van Dordrecht teruggekeer, wat aan elke klassis die verantwoordelikheid gee om sy eie reëlings in verband met visitasie saam te stel.

Die versugting van Bouwman hieroor is baie belangrik: 'Mag de visitatie niet ontaarden in een inquisitoriaal onderzoek, zij mag ook niet vernederd worden tot een opdreunen van vragen'.

Belangrike beginsels by visitasie

- *Visitatie is noodsaaklik*

Gegewens uit die werk van die apostels onderstreep die noodsaak van visitasie. Volgens Handeling 15:36 was die motief vir Paulus se tweede sendingreis om al die gemeentes wat gestig is weer te besoek 'om te sien hoe dit met hulle gaan'. Volgens 1 Korintiërs 16:10-12 en Filippense 2:19-24 het die apostels, wanneer hulle self nie kon gaan nie, helpers na die gemeentes gestuur om te help met die behartiging van hulle sake.

- *Visitatie moet met beskeidenheid aangepak word*

Visitatore moet altyd waak teen heerssug en heerskappyvoering. Uit die kerkgeskiedenis is daar talle voorbeelde van hoe visitasie nie gedoen moet word nie. Die versigtigheid waarmee visitasie deur die kerke van die Reformasie ingevoer en ingerig is, 'moet tot grote voorzichtigheid bij de uitvoering manen' (Bos FL, De Orde der Kerk, 's-Gravenhage, 1950, p 165). Hierby moet visitatore altyd onthou dat hulle self ook feilbaar en sondig is.

- *Visitatore handel in die naam van die klassis*

Opdrag tot visitasie kan alleen deur 'n klassis gegee word. Daarom moet die rapport van die visitasie deel wees van die agenda van die klassis. Die klassis beoordeel volgens die rapport nie alleen die leer en lewe in die gemeente nie, maar ook of die werk deur die visitatore goed afgehandel is (Visser J, Die Kerkorde in Praktyk, EFJS, 1999, p 197).

- *Ouer en ervare predikante moet as visitatore aangewys word*

Hierdie beginsel spruit veral voort uit die beginsel wat Paulus in 1 Timoteus 3:4 betreffende ampsdraers gestel het, naamlik dat hy sy eie huis goed moet regeer. Hierdie beginsel hoef nie te verhinder dat jonger manne oueres vergesel in hierdie belangrike werk nie (Bos, p 166, Visser, p 194).

- *Visitatie moet voldoende aan die gemeente bekendgemaak word*

Visitatie word by die gemeente gedoen, nie net by die kerkraad nie.

- *Visitatie is geen inspeksie nie*

Deur eeue heen worstel die kerk al met die vraag: Hoe ver strek die opdrag van visitatore?

Visitatie mag nooit gesien word as soortgelyk aan die ouditering van 'n maatskappy en sy belange nie, omdat die kerk die liggaam van Christus is, en nie 'n menslike instelling nie. Ten diepste is Christus Self die eintlike Visitator (Openbaring 2 en 3).

Die fokus van die visitatie val dus op ampsdraers en lidmate se geestelike en gemeentelike lewe, ten einde vas te stel of die kerk nog kerk is, of die kerk nog die kenmerke van die ware kerk vertoon, en of die christene nog die kenmerke van christene vertoon (Nederlandse Geloofsbelijdenis, artikel 29).

Só dra die gelowiges in kerkverband sorg vir mekaar.

Omdat die uiterlike dinge egter tekenend kan wees van die inwendige, is die advies van

Bouwman dat die boeke, argief, ensovoorts 'een voorwerp van bespreking bij de kerkvisitatie kan zijn' (p 184) waardevol.

Ook Bos (p 168) se advies is kosbaar, naamlik: 'De visitatoren zullen zich bij hun onderzoek niet als inquisiteurs, maar als broeders gedragen'.

Samevatting

Visitatie is een van die pilare van kerkverband. As sulks moet dit altyd dien tot opbou en versterking van geloof, geloofslewe en geloofseenheid.

Mag die visitatore en die kerke met visitatie altyd hulle vreugde in en gehoorsaamheid aan Christus bely en najaag.

AKTUEEL

G Kruger, Durban

Jesusfilms in die lig van Calvyn se verklaring van die tweede gebod¹

Uit gereformeerde kringe gaan daar tans al hoe meer stemme op wat van oordeel is dat Christusfilms aanvaarbaar is. Die vraag is: Watter beginsel moet ons toepas om afbeeldings van die menslike natuur van Christus te beoordeel? Daar word genoem dat Jesusfilms en opvoerings nie probeer om die Godheid van Christus af te beeld nie. Ook word gesê dat opvoerings soos die Passiespele en films soos 'The Passion of the Christ' mense tot God kan lei. Calvyn het hieroor beginsels uit die Skrif afgelei².

Die tweede gebod bestaan uit twee dele. Die eerste deel verbied alle afbeeldings van God. Die tweede deel verbied die aanbidding, diens en verering van sodanige beelde (verklaring van Eksodus 20:4, p 69).

Dit wil voorkom asof Calvyn nie

eksplisiet afbeeldings van Christus behandel nie. Hy noem dat die tweede gebod ons leer dat die diens aan God geestelik van aard moet wees, omdat God 'n geestelike wese is. Dit is verkeerd om, soos die pousgesindes, die aanwesigheid van God/Christus in tasbare afbeeldings te soek, omdat dit onmoontlik is om God se geestelike wese so voor te stel. Indien sy skrywes oor die tweede gebod (Eksodus 20:4; Deuteronomium 4:12; Institusie 1:11.2) in geheel gelees word, kan die afleiding gemaak word dat hy nie die menslike en Goddelike natuur van Christus geskei het nie. Daarom onderskei hy nie tussen afbeeldings van die menslike natuur van Christus en God self nie. Indien die menslike natuur van Christus en sy Goddelike natuur onskeibaar is (NGB artikel 19, Atanasius artikel 32-37), sou dit

impliseer dat afbeeldings van Christus sy Goddelike majesteit aantast of misken.

Calvyn oor die geskiedenis van beelddiens in die kerk

Calvyn se verklarings oor die tweede gebod kan dalk beter verstaan word indien 'n mens op hoogte is van die agtergrond waaruit hy geskryf het.

- Die vroeë kerk (0-300 nC) was vry van beelde en beelddiens³.
- Daarna (300-1600 nC) het 'n deurlopende toutrekkery tussen

1 Verwerking van 'n referaat gelewer tydens die sewende Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres, Sept 2004, Stellenbosch.

2 Alle verwysings kom uit: The John Calvin Collection, Ages Software ©, Inc. Rio, WI USA © 2000.

3 Treatise on Relics, hfst 1, p 10, 11; hfst 3, p 36; hfst 4, p 45.

voorstanders en opponente van beelde in die kerk gevolg. Die klem het gaandeweg verskuif na 'n kompromie oor beelde omdat die kerk meer en meer toegeeflik geword het teenoor die simbole van bekeerde heidene (300-400 nC). Sommige van die heidense simbole is aangepas by die christelike godsdiens. Uiteindelik het die Sinode van Trent (1545-1563) verklaar dat beelde van Christus, Maria en ander heiliges vereer/gedien moet word omdat die beeld en die persoon een is en nie geskei mag word nie⁴.

- Calvyn se standpunt is in hoofsaak teen beelddiens gerig. Afgesien dat dit uit sy *Adultero-German Interim* duidelik is dat hy selfs bereid sou wees om historiese beelde van God en Christus in die kerk te verdra om kerkeenheid te verkry, verwerp Calvyn tog onomwonde beelde van God. Dit is opvallend dat 'n eenduidige verwerping van afbeeldings van die menslike natuur van Christus nie eksplisiet in sy werke gevind kan word nie.
- By die bespreking van die geskiedenis van beelde in die Roomse Kerk kom hy weereens tot dieselfde gevolgtrekking as by sy verklarings van Eksodus 20:4 en Deuteronomium 4:12, maar hierdie keer vanuit 'n Nuwe Testamentiese perspektief (2 Korintiërs 5:16; Romeine 8:1,9). Ons mag nie teen Christus se menslike natuur vaskyk nie, maar ons moet Hom in ons geestesoog as 'n Geestelike en Goddelike wese sien⁵.
- Calvyn wys daarop dat die tweede gebod 'n negatiewe en 'n positiewe beginsel vervat. Die negatiewe beginsel verbied enige beelde of voorstellings van God asook die verering van sodanige beelde. Die positiewe beginsel moedig ons aan om God eerder in Gees te sien/dien⁶.

Die belangrikste gevolgtrekking wat dus gemaak kan word is dat beide die Ou en Nuwe Testament dieselfde boodskap oor die tweede gebod verkondig. Ons moet God in Gees sien/dien en nie teen sy vleeslike verskyning in Christus vaskyk nie.

Jesus het die probleem met die Jode van sy tyd ondervind dat hulle Hom met verblinde geloofsoë waargeneem het. Baie van hulle het nie sy Godheid herken en erken nie.

Calvyn se verklarings oor die twee nature van Christus

Calvyn wys daarop dat Christus Homself nie daarvan kon losmaak dat Hy ook gelyktydig God is nie. Sy Godheid was vir die wêreld bedek onder die swakheid van sy vleeslike posisie as dienskneg (verklaring Filippense 2:7). Sy Godheid was egter nie vir die gelowiges bedek nie. Christus bly God in die persoon van die Middelaar. Sy majesteit is nie uitgedoof toe Hy mens geword het nie (Preek 1, Johannes 1:1-5, p 14). Die eenheid van Christus se twee nature kom duidelik na vore in die Institusie (1:13; 2:13, 14; 2:14.1). '... tog is daar vir ons maar een God, die vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom' (1 Korintiërs 8:6; Institusie 2:14.3).

Calvyn toon ook aan dat Christus, tydens sy lewe op aarde, een was met die Vader (Hebreërs 1:3; Johannes 14:10; Kolossense 2:9). Die eenheid tussen Christus, die Vader en die Gees word aangetoon met verwysing na Johannes 3:34; 14:16, 25, 26; Romeine 8:9,11; 1 Petrus 1:11 en 2 Petrus 1:21.

Hierdie belydenis oor die twee nature van Christus word verder in fyn besonderhede deur Calvyn uit die Skrif opgesom (Institusie 2:14.3,6; 2:16.10,12) en is in wese saamgevat in die Nederlandse Geloofsbelijdenis (artikels 8-11,18,19).

Calvyn kom tot die gevolgtrekking dat selfs waar Christus die volle wraak van God moes verduur, sy Goddelike natuur nie deur God verlaat was nie. Sy menslike natuur het so 'n illusie ervaar. Dit was egter nie 'n onegte illusie nie, maar word deur Calvyn as 'n illusie beskryf omdat God nie sy Goddelike natuur verlaat het nie en Christus se Goddelike natuur ook nie op enige stadium van sy menslike natuur geskei was nie⁷.

Dit klop met ons belydenis. Christus

moes waaragtig God wees 'om deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kon dra' (HK, vraag en antwoord 17). Indien Christus na sy mensheid alleen aan die kruis moes ly, sou Hy deur die helse lyding verslind gewees het. Omdat Hy tegelykertyd ook God was, het Hy die aanvegtinge van die Satan deur die krag van sy Godheid oorwin. Hierdie onseibaarheid van Christus se twee nature is kostelik in die Nederlandse Geloofsbelijdenis vir ons opgeteken: 'Hierdie twee nature is só saam in een Persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie' (NGB artikel 19).

Hierdie heilsfeit oor die onseibaarheid van Christus se twee nature moet verreken word in die vraagstuk oor afbeeldings van Christus.

Aanvullende inligting uit Calvyn se werke oor aspekte van die tweede gebod

'n Logiese vertrekpunt is die Kategismus wat Calvyn vir die Geneefse Kerk opgestel het (Desember 1545). Daarin word die beginsel van Deuteronomium 12:4 en Romeine 8:1 versterk: God is Gees en kan nie deur konkrete voorwerpe afgebeeld word nie. Die tweede gebod verbied 'afbeeldings wat ten doel het om God voor te stel'. Dieselfde vertolking word herhaal in Calvyn se Institusie (1:11.12) asook in die Heidelbergse Kategismus (vraag en antwoord 96).

Voorstanders van Jesusfilms mag steeds nie oortuig wees deur bogenoemde argumente nie omdat dit van die standpunt uitgaan dat enige afbeelding van Christus (ook van sy menslike natuur) deur die tweede gebod verbied word. Die vraag of slegs afbeeldings van die Goddelike natuur van Christus deur die tweede gebod verbied word, moet verder ondersoek word.

⁴ Ibid, hfst 7, p 84.

⁵ Calvyn in Admition from an Inventory of Relics, p 332.

⁶ Verklaring van Deuteronomium 4:12, Eksodus 10:4; Treatise on Relics, Hfst 2, p 15; Hfst 5, p 64, 65.

⁷ Calvyn, Preke oor die Godheid van Christus, Preek 9, Matt 27: 45-54.

Die gedagte om afbeeldings van God te gebruik om die evangelie uit te dra is nie 'n nuwe uitvindsel nie. Calvyn skryf in twee preke uit Galasiërs dat die pousgesindes beelde as boeke vir die leke gebruik. Hierdie beginsel is verkeerd omdat ons nie teen Christus as 'n mens moet vaskyk nie, maar dat ons Hom deur die geloofsoog moet sien, naamlik as God en ons Verlosser⁸.

In sy Institusie (1:11.7) veroordeel hy selfs kruise in die kerk omdat God slegs een instrument goedkeur om sy Beeld aan ons te openbaar, naamlik die ware verkondiging van die evangelie (Galasiërs 3:1). Ons het die doop en nagmaal ontvang as die enigste lewende beelde van God se genade in Christus (Institusie 1:11.13; 4:14.6)⁹.

Calvyn pas die tweede gebod wel op Christus toe en wys dat afbeeldings van Christus die gevaar inhou dat sy Godheid en die boodskap van verlossing misgekyk word. Calvyn gebruik nooit die tweede gebod as 'n negatiewe bevel nie, maar lê klem op die positiewe beginsel, naamlik om deur ware Woordverkondiging God se Geestelike Beeld as Verlosser in ons geloofsoog af te skilder.

Twee preke van Calvyn oor Galasiërs 3:1 werp aansienlik meer lig op afbeeldings van Christus:

- Die pousgesindes sê dat ons beelde nodig het om van God te leer en dat beelde die boeke van gewone mense is omdat hulle nie die dieper dinge van God kan begryp nie. Wanneer die evangelie verkondig word, moet Christus so realisties en lewendig geskets word dat ons nie na Hom moet kyk met ons liggaamlike oë nie, maar deur die geestelike oë van ons geloof. As ons Christus so duidelik in die Woordverkondiging beleef sal daar geen behoefte by ons ontstaan om Christusbeelde en poppe te gebruik in die opbou van ons geloof nie. 'n Stukkie hout, klip of stukkie 'heilige' oorblyfsel kan ons tog niks leer oor wat vir ons saligheid nodig is nie. Dit kan ons ook nie aan God laat dink nie omdat dit nuttelose valshede is. Ons benodig veel eerder die kragtige prediking van God se Woord sodat ons al meer

en meer kan poog om die evangelie te absorbeer. Dan kan ons God se lewendige beeld, naamlik die persoon van ons Here Jesus Christus vasgryp en Hom aankleef. Dan is die evangelie nie langer vir ons deur valshede bedek nie, maar soos Paulus dit in 2 Korintiërs 4:3 beskryf, slegs bedek vir die ongelowiges wat deur die duiwel beheer word en wie se oë gesluit is sodat hulle die evangelie nie kan verstaan nie¹⁰.

- Paulus skryf dat gelowiges in die Ou Testament deur seremonies na Christus gelei is, maar noudat Hy gekom het, benodig ons nie meer daardie skadugodsdiens nie. As ek van 'n persoon verwyder is, kan 'n foto van die persoon my help om te onthou hoe die persoon gelyk het. Indien ek egter by die persoon is en hom van aangesig tot aangesig sien, het ek nie meer 'n foto of vervalste beeld van die persoon nodig nie. Daarom het die Ou Testamentiese gelowiges baie figure en skadu's benodig - ons Here Jesus Christus was nog nie ten volle aan hulle geopenbaar nie. Nou dat Hy duidelik soos die Lig op ons skyn en Hy Homself as die Son van geregtigheid (Maleagi 4:2) skerp aan ons openbaar, kan ons tog nie deelneem aan hierdie pogings om Hom as't ware weer deur afbeeldings te begrawe nie? Ons het nou, deur Jesus Christus, direk toegang tot God se Allerheiligste binnekamer. Ons geestelike offers, gebede en pleidoorie gaan direk na God omdat ons deel is van sy eie Liggaam en Wese soos Paulus aan die gemeente van Kolosse skryf (Kolossense 3)¹¹.

Die positiewe beginsel van die tweede gebod loop soos 'n goue draad deur Calvyn se geskrifte. 'n Kragtige vermaning word ook aan die Woordverkondigers van alle tye gerig. Die behoefte van lidmate om die menslike natuur van Christus te wil inspan by die uitdra van die evangelie, is 'n simptoom van kragtlose en inhoudlose (Christuslose) verkondiging van die evangelie (verklaring Galasiërs 3:1; Institusie 1:11.7).

Vrae oor Jesusfilms in die lig van Skrifbeginsels soos deur Calvyn afgelei

- Is dit moontlik om die menslike natuur van God af te beeld sonder om sy Goddelike natuur af te beeld?

Niemand weet hoe Jesus werklik gelyk het nie. Enige afbeelding van Jesus as mens is dus 'n vals fantasie van die kunstenaar se verbeelding (PJ de Bruin, Die Tien Geboorie, 1993, p 74,75).

'n Ernstige probleem met hierdie Christusbeelde volg uit die absolute onskeikbaarheid van Christus se twee nature. Enige redenasie om kunsmatig te beweer dat die film net die menslike natuur van Christus afbeeld, bots met die Bybelse beginsel dat Christus se twee nature nie geskei mag of kan word nie. Voorstanders van Jesusfilms praat juis die films goed omdat dit potensieel die evangelie kan uitdra. Hoe kan Jesusfilms die evangelie uitdra as dit nie na Christus as God verwys nie? So 'n 'evangelie' is inhoudloos en dood. Ons as uitverkorenes kan nie slegs teen 'n gereduseerde akteursvoorstelling van die menslike natuur van Christus vaskyk nie, maar ons sien Hom met groot sekerheid as ons verlossende God. Deur afbeeldings van Christus toe te laat, word sy Goddelike majesteit aangetas omdat Hy God is en nie afgebeeld mag of kan word nie. 'Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik' (Kolossense 2:9; vergelyk Hebreërs 1:3).

- Ons maak tog 'n sekere voorstelling van Christus in ons gedagtes wanneer ons die Bybel lees. Is hierdie voorstelling van Christus dan nie ook verkeerd nie? Voorstanders van Jesusfilms gebruik ook hierdie argument dat Jesusfilms nie in stryd is met die tweede gebod nie.

Die voorstelling wat ons in ons gedagtes maak is juis in ooreenstemming met die positiewe

8 Calvyn, Preke uit Galasiërs, Preek 9, Gal 3:1-3, p 227; Preek 24, Gal 4:1-4, p 352,3.

9 Calvyn, Preke uit Galasiërs, Preek 9, Gal 3:1-3, p 228.

10 Calvyn, Preke uit Galasiërs, Preek 15, Gal 3:1, vry vertaal.

11 Calvyn, Preke uit Galasiërs, Preek 24, vry vertaal.

beginsel van die tweede gebod wat Calvyn so pragtig uit die Skrif uitgewys het. Ons sien Christus se Goddelike, Geestelike en Verlossende Wese in ons geloofsoog. Ons dink aan Hom op 'n geestelike manier soos God ons gebied. Die tweede gebod verbied voorstellings van Christus wat ons met die liggaamlike oog kan waarneem.

- Is dit aanvaarbaar om die menslike natuur van Christus af te beeld? Verbied die tweede gebod nie alleen afbeeldings van die Goddelike natuur van Christus nie?

Al die Christusbeelde waarna Calvyn per definisie van die voorstanders van Jesusfilms verwys, het slegs Christus se mensheid uitgebeeld. Calvyn verwerp hierdie Christusbeelde op 'n eentonige reëlmaat op grond van die positiewe beginsel van die tweede gebod, naamlik dat ons aan Christus op 'n geestelike manier as ons Verlosser moet dink. Hy wys ook daarop dat Christusbeelde ons letterlik terugneem na 'n tipe skadugodsdiens waar Christus weer bedek word, aangesien ons in realiteit daagliks in die Geestelike arms van Christus verkeer en direk sy aangesig as Verlosser in ons geloofsoog sien.

- Mag 'n mens beelde van Christus gebruik om die evangelie te verkondig met die voorbehoud dat die beelde nie gebruik word vir beelddiens of om God daardeur te vereer nie?

Die tweede gebod bevat twee dele soos reeds genoem. Beide dele geld terselfdertyd en elke deel geld ook selfstandig in sy eie reg. Alhoewel dit logies uit die tweede gebod volg dat Christus nie afgebeeld mag word nie, sou dit in die voetspore van Calvyn wyser wees om sodanige Christusvoorstellings op grond van die positiewe beginsel van die tweede gebod af te wys.

Die pousgesindes het lank gelede dieselfde argument gebruik, naamlik dat beelde die boeke van leke sou wees. Die antwoord van die Skrif is duidelik: God bou sy kerk deur sy Woord en Gees. Valse afbeeldings van Christus kan nie in die plek van of naas die Woord gestel word nie.

- Is dit moontlik om God te dien sonder om Hom te vereer?

Hierdie argument word deur voorstanders van Jesusvoorstellings gebruik om die tweede gebod te omseil. Hulle sê dat hulle God nie deur die film/Christusbeeld vereer nie en hulle daarom nie aan beelddiens skuldig maak nie.

Calvyn het dan ook die vraag in fyn besonderhede behandel. Om God te 'dien' of te 'vereer' is een en dieselfde (Institusie 1:12.2). Hy gebruik 'n argument wat berus op die betekenis van die woorde uit die oorspronklike tale. Ook nie-taalkenners kan dit maklik toets. Die woord wat in die Bybel vir 'dien' gebruik word, het dieselfde 'Strong's'-woordeboekverwysing as die woord wat vir 'vereer' gebruik word. As jy God positief dien moet dit tog tot sy eer geskied.

As die film dus ten doel het om God te dien deur die evangelie uit te dra, sal dit outomaties ook God daardeur vereer. Die antwoord is duidelik: Omdat Jesusfilms volgens argumente van voorstanders daarvan gebruik word om die evangelie uit te dra, word die films gebruik om God te dien én te vereer (beelddiens).

- Wat is die totale boodskap van die tweede gebod in die lig van die Ou en Nuwe Testament?

Deur die kragtige en lewendige verkondiging van die Woord sien ons God daagliks in Christus as 'n Geestelike, Goddelike en Verlossende Wese in ons geloofsoog. Ons is deel van Christus se Geestelike liggaam en het daarom direkte toegang tot God. Christusbeelde neem ons terug na 'n tipe skadugodsdiens waarin hierdie intieme en direkte gemeenskap met God as't ware weer begrawe word.

- Kan 'n gelowige met vrymoedigheid Jesusfilms gaan kyk?

Die vraag kan met 'n teenvraag beantwoord word. Sou u as gelowige met vrymoedigheid 'n pornografiese film gaan kyk wat van begin tot einde die sewende gebod oortree, omdat die film dalk een of ander positiewe boodskap sou uitdra? Hoe kan ons met vrymoedigheid na 'n film gaan kyk wat van begin tot einde die tweede gebod oortree?

Dit is seker waar dat 'n mens nie

noodwendig self die tweede gebod oortree indien jy na 'n Jesusfilm gaan kyk nie. Dit lyk egter twyfelagtig om deel te neem aan 'n proses waarin die tweede gebod op die grootste skaal ooit in die geskiedenis, wêreldwyd op grond van die positiewe beginsel van die tweede gebod oortree word.

Slot

Omdat Calvyn die beginsels van die Skrif deurgaans in sy skrywes gebruik, is dit nie verbasend dat hierdie Skrifbeginsels met redelike gemak gebruik kan word om uit te wys dat die sogenaamde moderne uitvindings van die mens oor hoe hy God wil dien in stryd met die Skrif is. Dit sluit aan by ons belydenis (NGB artikel 7) dat God se Woord volmaak is en volledig aan ons beskryf wat die korrekte inhoud van ons diens aan Hom moet wees.

Ons kan nie ontken dat God wel 'n 'reguit hou met 'n krom stok kan slaan' nie. Dit is daarom moontlik dat die Heilige Gees die Woord van God, soos woordeliks in Jesusfilms of opvoerings soos Oberammergau aangehaal word, kan gebruik om die evangelie te verkondig. Om egter die pragmatiese argument te gebruik dat Jesusvoorstellings/films daarom geregtig kan word, is om twee redes verkeerd:

- Die doel kan en mag nie die middel heilig nie.
- 'n Mens kan nie God se seën op Christusbeelde/films verwag as jy doelbewus sy Wil wat Hy vir ons met sy eie vinger neergeskryf het teengaan nie¹².

Die oorweldigende boodskap van die tweede gebod is dat Christusbeelde afgewys word omdat die ware Beeld van God in Christus alleen met die kragtige en lewende verkondiging van die evangelie deur die Gees vir ons ontsluit word.

eposadres: kruger@akzn.ac.za

¹² As dieselfde beginsel ten opsigte van ons liggaamlike behoeftes, naamlik dat 'al ons sorg en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie' (HK Sondag 50, vraag 125) ook vir ons geestelike lewe geld, hoe kan iemand verwag dat menslike uitvindings om God te dien God se seën sou ontvang as sodanige uitvindings doelbewus sy Wil oor die tweede gebod ignoreer?

Grys oor gays

In Beeld-forum van 17 Augustus 2005 stel Neels Jackson die vraag: *Wat is aan die gang in die NG Kerk, spesifiek wat betref die gay-kwessie?* In antwoord op dié vraag skryf hy onder die opskrif 'Fokus gay-debat op God-sienings':

Eintlik gaan dit baie breër as die NG Kerk. Dwarsoor die wêreld worstel kerke met diep verdelingslyne oor homoseksualiteit. Hier in Suid-Afrika en spesifiek in die Afrikaanse gemeenskap is dit veral die NG Kerk wat 'n slagveld van meningsverskil geword het.

Dit lyk my die verskillende standpunte kan teruggevoer word na verskillende sieninge van Wie God is. Daaruit vloei verskillende godsdienstige maniere van dink voort. Lees 'n mens die NG gemeente Morelettapark se standpunt oor homoseksualiteit op sy webwerf, word daar onder meer gesê dat iemand wat volhard in enige sonde (lees in dié konteks: homoseksualiteit), nie in 'n leiersposisie by hulle kan dien nie, "want God is 'n heilige God en sy kerk moet heilig wees soos Hy".

'n Mens sal ook van God se ander eienskappe soos sy liefde en vergifnis hoor, maar op 'n manier word sy heiligheid die bepalende eienskap vir hoe mense God verstaan. Mense wat God só sien, besing Hom graag met woorde soos: Majesteit, glansryke heerlikheid ... Hierteenoor hoor ek by diegene wat ruimte vir homoseksuele mense én hul homoseksualiteit binne die kerk wil maak, dat hulle in die eerste plek aan God dink in terme van sy liefde. By hulle hoor 'n mens eerder dat hulle sing: Waar daar deernis is en liefde, daar is die Heer.

'n Mens sien ook dat die twee groepe verskillend oor die Bybel praat. By die eerste groep sal jy baie meer hoor van God se voorskrifte wat gehoorsaam moet word. Morelettapark se standpunt oor homoseksualiteit sê byvoorbeeld: "Ons glo dat die Skrif duidelik is daarvoor dat homoseksualiteit sonde is." Die ander groep sal veel eerder praat oor verhale van God se deernis met mense wat

gemarginaliseer is. Hul ideaal sou wees om dié deernis na te volg. As hulle in terme van God se gebooie praat, sou hulle sê die grootste gebod is die liefde.

Uit hierdie vertrekpunte spruit die kritiek op mekaar logies voort. Uit die eerste kring hoor 'n mens dikwels die verwyte dat die tweede groep die gesag van die Skrif ondermyn, omdat hulle nie "duidelike voorskrifte" oor iets soos homoseksualiteit wil aanvaar nie. Daardeur tas hulle die heiligheid van God aan. Die tweede groep meen dat die tradisionele vertolking van die voorskrifte oor gays sulke mense net seer maak en verder marginaliseer. Dit dra nie die boodskap van liefde nie en daarom moet die tradisionele vertolkings verkeerd wees. Hul benadering om gay mense met hul seksualiteit te aanvaar, meen hulle, is gegrond op 'n beter vertolking van die Bybelse boodskap, wat nie primêr uit voorskrifte bestaan nie. Hulle dink ook nie hulle misken die heiligheid van God nie. Heiligheid, sou hulle sê, lê daarin om juis die warmte van God se liefde te deel met die randfigure van die gemeenskap. In hul oë was moeder Teresa die toonbeeld van heiligheid. Op hul beurt verwyte die tweede groep die eerste daarvan dat hulle, juis deur hul navolging van die voorskrifte, liefdeloos optree. Die eerste groep ontken dit natuurlik. Vir hulle lê die liefde juis daarin om mense te help om by God uit te kom, om van die sonde bevry te word en 'n heilige lewe te lei. Dis met dié gesindheid dat Morelettapark 'n bediening begin het juis om mense te help om van hul homoseksualiteit bevry te word.

Op hierdie punt - of homoseksuele mense van homoseksualiteit bevry kan word - word die debat gewoonlik op die terrein van gedragswetenskappe soos die sielkunde gevoer. Maar ook hier word min mense regtig tot ander insigte gebring. Die tweede groep sal volhou dat die oorwig van getuienis daarop dui dat baie min gays ooit regtig "straight" word, terwyl die

eerste groep sal getuig dat dit wel deur die genade van God gebeur. En hulle sal hulle op verskillende "kenners" beroep om hul standpunte te ondersteun.

Ek dink nie dat 'n mens enige van die twee kampe van kwade motiewe moet verdink nie. Aan albei kante kan die vlak van die debat soms met 'n bietjie nederigheid gelig word, maar ek dink nie dat die een kamp eenvoudig as liefdeloos getipeer kan word nie en ek dink nie dat die ander die Bybelse gesag ondermyn of alle seksuele norme laat vaar nie. Aan weerskante van die debat is mense wie se Christelike integriteit myns insiens bo verdenking is. Onder hulle is daar egter basiese verskille oor hul sienings van God. Miskien is dit waarop die debat moet fokus.

Op die oog af lyk dit of Jackson se uiteensetting van die debat water hou. Tog is daar iets grondigs wat kortkom in sy benadering tot die saak. Dit gaan naamlik nie oor wie watter siening oor God, God se heiligheid en God se wil het nie. In die gay-debat, soos in enige ander debat van hierdie aard, is die vraag wat ons op grond van die Skrif van God bely – en nie hoe ons Hom sien nie. Tussen belydenis van God en siening van God is daar 'n hemelsbreë en fundamentele verskil. Ons belydenis van God is in die geheel van die Skrif geanker. Belydenis is weerklank, eggo van die Skrif. Ons siening van God is daarenteen subjektief en daarom feilbaar. Solank as wat ons met verskillende mense se sieninge oor God en sy wil besig bly, sal daar tot in lengte van dae gepraat word sonder om by 'n slotsom te kom. Die enigste 'beskaafde' slotsom waartoe die post-moderne mens in die lig van verskillende sieninge sal kan kom, is dat sieninge verskil, en dat mense mekaar se sieninge moet respekteer. Eindresultaat: laat elkeen glo en doen wat goed is in sy eie oë. Laat die man man wees, die vrou vrou, die gay gay en die lesbiër lesbies. G(r)ay(s)gebied!

Skrifgetroue belydenis

Is dit so dat die Here in sy Woord vaag en grys is oor die saak van homoseksualiteit? Nasionale Sinode 2003 van die GKSA het nie so geoordeel nie. 'n Helder gefundeerde uitspraak is oor die vraag insake homoseksualisme gelewer. Die uitspraak raak nie slegs die gay-debat nie, maar ook die lewe in en buite die huwelik oor die algemeen. Aangesien alle lesers nie noodwendig tot die acta van die sinode toegang het nie, kan dit slegs van nut wees om die besluit deur te gee. Met dié besluit (Acta 2003, Artikel 26.5, p 748-752) kan daar verder positief, opbouend, tot eer van God gewerk word.

Die aanleiding tot die besluit was 'n beskrywingspunt van die Suidelike Partikuliere Sinode wat by die sinode gedien het. In die beskrywingspunt vra die Partikuliere Sinode 'dat die GKSA by monde van die Nasionale Sinode 'n duidelike en Skrifgefundeerde motivering bied vir die afwysing van buite-egtelike en homoseksuele omgang en hoe mense wat sulke praktyke beoefen, pastoraal bedien moet word'.

Agtergrond

As agtergrond word verwys na die huidige situasie:

- Die geskrewe en elektroniese media se ophemeling/goedkeuring van heteroseksuele buite-egtelike, voorhuwelikse en homoseksuele omgang asof dit normaal en aanvaarbaar behoort te wees.*
- Die samelewing wat heteroseksuele buite-egtelike en voorhuwelikse omgang nie afkeur en as onaanvaarbaar beskou nie, maar stilswyend aanvaar as normaal, soms ook deur ouers wie se kinders by sulke dade betrokke is. Somtyds is van die ouers self betrokke by hierdie praktyke en die gevolg is dan dat die kinders nie reg opgevoed word nie.*
- Die samelewing wat steeds mense met homoseksuele neigings verstoot en verguis.*
- 'n Nuwe neiging om aparte kerke te stig waar homoseksuele*

persone aanvaarbaar sal wees, asof hulle nie in die gewone kerke welkom is nie.

- Die stilswye oor hierdie sake deur die Christelike kerke in die algemeen.*
- Die dringende behoefte aan morele waardes in ons land.*
- Die gruwelike verdraaiing van God se Woord om homoseksuele dade goed te keur.*

Motivering

So sê die Here

Die Skrif is in die onderstaande tekste in die Ou en Nuwe Testament baie duidelik oor buite-egtelike seksuele omgang en homoseksuele omgang naamlik dat dit die begin bedoeling (doel) van die skepping van die man en vrou mis, soos beskryf in Genesis 1 en 2, en daarom sonde is en dat dit vir die Here afskuwelik is. Onthou dat ons Here Jesus in sy antwoord in Matteus 19 oor die egskedding juis terug verwys het na Genesis 2 oor die bedoeling van die skepping van die man en vrou en wat God oor hulle gesê het. Die Kerk van die Here Jesus moet dus dieselfde doen.

Genesis 1:27; Genesis 2:24; Matteus 19:4-6; Levitikus 20:10; Levitikus 20:13;

Romeine 1:25-28; 1 Korintiërs 6:18; 1 Korintiërs 6:9 en 10.

Christus se verlossing

Christus se verlossing is vir alle mense dus ook vir ware gelowige homoseksuele en ware gelowige heteroseksuele mense. Mense met homoseksuele neigings wat ware gelowiges is, wat 'n bekeerde lewe lei, wat hulle beywer vir die wil van God en vir die Koninkryk van God, is net so deel van die Een Kerk van Christus soos enige ander ware gelowige. As die Kerk van Christus mag ons nie sulke mense verwerp nie, maar moet ons hulle in liefde opneem in die volle gemeenskap van die plaaslike kerk.

Onthou die optrede en woorde van ons Here Jesus Christus in Johannes 8 waar 'kerk en samelewing', die vrou wat owerspel gepleeg het, in die openbaar verguis het. Jesus doen hier twee belangrike dinge wat die kerk van Christus moet navolg: (i) Hy veroordeel nie die vrou nie, Hy verwerp haar nie en (ii) Hy wys haar op 'n weg wat reg is. Die gelowige homoseksuele persoon moet ook worstel met sy sondige begeertes net soos enige ander gelowige ...

Getuienistaak

Die taak om sulke dinge aan te spreek lê op die pad van elke individuele lidmaat wat voortdurend daarin opgeskerp moet word. Die prediking behoort daarop gerig te wees om lidmate toe te rus vir die daaglikse probleme en vraagstukke en die lidmaat behoort hom in sy daaglikse omgang teenoor die sekulêre wêreld te kan verantwoord. Maar in die huidige tyd is dit belangrik dat die Kerk van Christus as instituut ook die Christelike stem laat hoor oor enige sake waar die Wet van God oortree word of waar die Christelike alternatief die beter alternatief is. In vandag se tyd waar kommunikasie so vinnig plaasvind, is dit uiters belangrik dat die Kerk van Christus en sy lidmate paraat moet wees en pro-aktief moet optree. In hierdie getuienis behoort alle ander Christelike kerkgemeenskappe opgeroep te word om hierdie getuienis in die openbaar te ondersteun sodat die stem van alle Christene daardeur gehoor kan word.

Aan wie moet die getuienis gerig word?

- Aan alle lidmate om hulle opnuut op te skerp. Veral ouers met skoolgaande kinders moet opnuut opgeskerp word oor wat die Here in sy Woord van bostaande praktyke sê. Die belangrikheid van seksuele voorligting aan kinders deur die ouers self, is uiters belangrik in hierdie tyd van morele verval, veral in wat ons en*

ons kinders op die TV sien en wat as normaal voorgelê word.

- b) Gemeentes en lidmate moet opgeskerp word om uit te reik na gelowige homoseksuele persone, aan hulle die verlossing deur Christus verkondig, hulle op die regte pad wys ooreenkomstig die Skrif en hulle te aanvaar in die volle gemeenskap van die gemeente. Ons mag hulle nie verwerp of selfs in ons privaat gesprekke verguis nie, want geen mens is sonder sonde nie. Dit is ook nie nodig dat persone met homoseksuele neigings uitgesonder moet word asof hulle spesiale behandeling behoort te kry nie.
- c) Aan alle Regeringsowerhede, die openbare media en alle Christelike kerkgemeenskappe. Die ander kerkgemeenskappe moet opgeroep word om hierdie

getuienis in die openbaar te ondersteun sodat die stem van alle Christene daardeur gehoor kan word.

Skrifverwysings

- Genesis 1:27: God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.
- Genesis 2:24: Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een (vlees) word. Matteus 19:4 tot 6 Jesus het hulle geantwoord: Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? Daarby het God gesê: 'Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees.' Hulle is dus nie meer twee nie, maar een.
- Levitikus 20:13: Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.
- Romeine 1:25 tot 28: Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen. Daarom gee God hulle oor aan skandelige drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teennatuurlike omgang. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit.

- 1 Korintiërs 6:18: Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam.
- 1 Korintiërs 6:9 en 10: Moenie julle self mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpratere of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.

Besluit

- 1 Die Gereformeerde Kerke neem sterk standpunt in teen alle vorme van buite-egtelike en homoseksuele omgang. God se Woord wys die monogame huwelik tussen 'n man en 'n vrou aan as die grense waarbinne die Godgegewe seksualiteit beoefen moet word. Gelowiges en alle mense word daartoe opgeroep om almal binne die kerk en samelewing met liefde en bewoënhed, deur woord en voorbeeld, op te roep tot 'n heilige en God-erende uitlewing van die seksuele lewe.
2. In Jesus Christus is daar (soos met enige ander sonde) verlossing vir persone wat buite-egtelike en homoseksuele praktyke beoefen het. Deur die krag van God se Heilige Gees kom daar berou en is 'n heilige lewe moontlik. Persone met homoseksuele neigings moet soos alle ander mense met die nodige pastorale bewoënhed hanteer en toegerus word om ook ten opsigte van hulle seksuele lewens getrou aan God se Woord te lewe.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr ALA Buys
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: alabuys@lantic.net
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R120 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031